# 9 Maart 2024 - Lesing 257 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Bewys van die liefde vir God: Liefde vir die naaste – 21/1/62

**NO: 8084** Julle liefde vir My moet julle bewys deur onbaatsugtige liefde vir julle naaste. "***Wat julle aan die geringste van My broers doen, dit het julle aan My gedoen."***

**Liefde tot God sonder naasteliefde is daarom nie moontlik nie**.

Want gevoelens wat julle self voorgee, kan nie deur My as liefde beskou word nie, omdat liefde haarself steeds sal uiter **in werke** wat die welsyn van die naaste sal dien wat in nood is. **Liefde sonder werke is eweneens onmoontlik**, want liefde is krag en krag wil steeds werksaam word. En daarom sal julle dit altyd as maatstaf vir julle liefde hê, of julle aangespoor word om werke van liefde te verrig.

Julle sal daaroor ernstig rekenskap moet aflê. En julle mag nooit by die nood van julle medemens verbygaan nie. Julle moet altyd probeer om **nood te verlig, vreugde te berei, te troos en te help**, want julle sal altyd nood om julle heen sien.

En in die besonder sal julle jul moet bekommer oor die mense wat hulleself in **geestelike nood** bevind. Sulke hulp word weliswaar nie dikwels aangeneem nie, want min mense is oop daarvoor dat aan hulle siele bystand verleen word, tog moet julle bly probeer om geestelike voedsel en drank uit te deel, waar dit maar passend is.

Julle bewys My eers julle liefde, wanneer julle die geestelike en aardse nood van jul medemens **aantrek**, wie ook My skepsel is, **wie se siel Ek wil wen**. En eers wanneer julle liefde haarself uiter in werke, sal dit vir julle 'n lewende geloof oplewer, wat Ek van julle verlang om aan julle die **ewige geluksaligheid** te skenk.

Wie in My glo sal salig word. Maar wat verstaan julle onder geloof, wat vir julle hierdie geluksaligheid moet oplewer? Ek neem **geen genoeë met woorde** waar-deur julle jul geloof wil bekragtig nie. Ek verlang eerstens werksaamheid in liefde.

**Deur onbaatsugtige naasteliefdedade bewys julle julle liefde vir My**.

Want eers dit kan 'n **lewende geloof** voortbring, wat alleen waarde het vir My. En solank julle liefde vir jou naaste nog gering is, solank as wat jy nie teenoor hom as broer optree nie, solank julle dit aan werke van liefde ontbreek, sal julle julleself nie te seker moet voel om deur geloof alleen salig te word nie.

**Want dan is julle geloof ook maar net 'n vormgeloof**. Julle spreek net nie daarteen nie, maar julle is nog lank nie lewend nie. En sal julle dan ooit die Gees in julle tot lewe wek, **wat slegs deur werke van liefde tot lewe kan kom?** Werksaamheid in liefde word voortdurend van julle gevra, maar hierdie verlange vervul julle maar selde en daarom is daar ook maar **selde 'n lewende geloof te vinde**.

Hoe ernstig sal die uitwerking in die hiernamaals wees van hierdie dwaling, dat julle dink dat julle nie werke nodig het nie? **Maar net julle werke volg julle na** en hiervan sal julle maar weinig daar kan laat sien, omdat daar te weinig liefdeskrag in julle was wat homself in werke moes bevestig het.

Julle geluksaligheid sal in ooreenstemming wees met die graad van julle liefde, omdat slegs die liefde 'n korrekte geloof tot gevolg het. Maar 'n geloof sonder liefde is dood en sal gevolglik ook nooit tot geluksaligheid lei nie. En "liefde" sal julle nie mag vervang met "**gevoelens**" nie, wat maklik in 'n mens kan opkom, maar wat julle tog nie sal aanspoor om werke van liefde vir jul naaste te verrig nie.

Daar word vir julle waarlik baie geleentheid gebied om liefdevol werksaam te wees. En julle moet julle nooit afsluit vir die versoeke van julle medemense wat in nood is nie.

Julle moet hulle opreg wil help en dan sal julle dit ook kan doen, omdat die liefde julle gees sal verlig en julle ook **die regte middele en weë aantoon**, of dit nou aardse of ook geestelike node is wat julle probeer om op te hef.

Maar vertrou nie op woorde, wat so lank dood is totdat julle dit deur werksaamheid in liefde lewe gee nie.

**Julle sal nooit tot die korrekte begrip kom van die woorde wat die Skrif bevat, as julle nie deur werke van liefde die Gees in julle wek nie.**

En daarom word daar "werke" van julle verlang, want "*wat julle vir die geringste van My broers doen, dit het julle vir My gedoen*". Amein.